Agtergrond Die span in die noodgevalle eenheid moet sin maak van 'n dinamiese omgewing wat voortdurend verander. Die stories wat die personeel vertel oor alledaagse gebeure is sentraal tot hoe sinmaking plaasvind. Hierdie stories dra ook by tot die kultuur van die organisasie, met die gereelde narratiewe wat organisasie norme handhaaf en gedrag vorm. Stories kan waardevolle insigte gee oor die kultuur en identiteit in die noodgevalle afdeling.

Metodes Nie-ewekansige doelgerigte steekproefneming is gebruik om dokters en verpleegsters in vyf hospitale se noodgevalle eenheid in Kaapstad te werf. Data insameling het oor agt weke plaasgevind tussen Junie – Augustus 2018. Deelnemers is gevra om 'n kort beskrywende narratief te vertel, 'n titel vir hul storie te gee en 'n metafoor te skep om te beskryf hoe dit is om in die noodgevalle eenheid te werk. Data is met behulp van die SenseMaker® Collector-instrument vasgelê, en 'n Microsoft Excel-sigblad is gebruik vir ontleding. 'n Induktiewe tematiese analise is gedoen om die oorheersende temas te ontleed.

Resultate Stories is van 89 deelnemers ingesamel. Vyf het nie aan die insluitingskriteria voldoen nie en is uitgesluit. Vier temas is geïdentifiseer. Die tema '*die gewone chaos*' het stories oor alledaagse uitdagings, kliniese situasies en die probleme in die hantering van pasiënte met akute gedragsversteurings en dié met geestesgesondheidsprobleme in noodgevalle ingesluit. '*Daar is geen hulp nie'* het stories ingesluit oor 'n waargenome gebrek aan ondersteuning van die res van die hospitaal en gesondheidsorgstelsel, terwyl '*opgestel om te misluk*' verwys het na kenmerke van die nood eenheid, insluitend meer pasiënte as die eenheid se kapasiteit. Die vierde tema het 'n deurlopende '*oorlog-agtige mentaliteit*' getoon wat al die professionele groepe in die noodgevalle eenheid deel.

Gevolgtrekking Deur die noodgevalle eenheid as 'n stelsel wat sosiaal gekonstrueerd word te beskou, het ons stories geïdentifiseer wat oorlog-agtige metafore gebruik, en die personeel se gevoelens van gebrek aan ondersteuning en afsondering beklemtoon. Die bevindinge is kommerwekkend vanuit 'n organisasie se perspektief. Die volgende stap is om 'n deelnemende proses te fasiliteer om strategieë te vorm vir toekomstige narratiewe.